27.10.70 125/70

G.P.-S.33967—1968-69—1,000. J. 219.

# In the Supreme Court of South Africa.
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(Appellate Provincial Division.)
(Provinsiale Afdeling.)

# Appeal in Civil Case.
# Appèl in Siviele Saak.

Allie Parker *Appellant,*

*versus*

Secretary for the Interior *Respondent*

*Appellant's Attorney* / *Prokureur vir Appellant* Horwitz, Amoon and Johannes

*Respondent's Attorney* / *Prokureur vir Respondent* Dep. S.A. (Bra/Ltr)

*Appellant's Advocate* / *Advokaat vir Appellant* B M KIES

*Respondent's Advocate* / *Advokaat vir Respondent* L L BOSHOFF

*Set down for hearing on* / *Op die rol geplaas vir verhoor op* 15-2-71

2.4.6.7.9

CORAM: VAN BLERK, JANSEN, A.R.R, DELMONT, MILLER, ET KOTZE; W.ARR

(C.P.D.) ADV. B. M. KIES NAMENS APPELLANT 9 45 VM - 10 53 VM

ADV. L.L. BOSHOFF NAMENS RESPONDENT 10 53 VM - 11 52 VM

ADV. B. M. KIES IN ANTWOORD 11 52 VM - 12.06 NM

C.A.V

Kotzé Wn. A.R

APPEL MET KOSTE AFGEWYS.

GRIFFIER.
1.3.1971

| | Bills Taxed.—Kosterekenings Getakseer. | | |
|---|---|---|---|
| | Date. Datum. | Amount. Bedrag. | Initials. Paraaf. |
| Writ issued / Lasbrief uitgereik | | | |
| Date and initials / Datum en paraaf | | | |

/2

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

**ALLIE PARKER** — Appellant

en

**DIE SEKRETARIS VAN BINNELANDSE SAKE** — Respondent

CORAM: VAN BLERK, JANSEN, A.RR., DIEMONT, MILLER et KOTZÉ, Wnd. A.RR.

VERHOOR: 15.2.1971. GELEWER: 1.3.1971.

---

## UITSPRAAK

KOTZÉ, Wnd. A.R. :

Die appellant het sonder welslae by die Raad, ingevolge subartikel (4) van artikel 11 van die Bevolkingsregistrasiewet Nr. 30 van 1950 saamgestel, beswaar gemaak teen sy klassifikasie as 'n Indiër. Sy beroep op die Hooggeregshof (Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling) dat hy as lid van die Maleiergroep geklassifiseer behoort te word, is van die hand gewys en die bevinding van die Raad is bevestig. Die

appellant/.....

appellant kom tans in hoër beroep en volhard in sy eis om as lid van die Maleiergroep geklassifiseer te word.

Kragtens die bevoegdheid aan hom verleen deur subartikel (2) van artikel 5 van die Wet het die Staatspresident die etniese of ander groepe waarin gekleurdes geklassifiseer word in Proklamasie R 123 van 26 Mei, 1967 omskryf. Die twee groepe wat in hierdie appèl ter sprake kom - die Maleiergroep en die Indiërgroep - word as volg omskryf in paragrawe (2) en (5):

> „(2) Die Maleiergroep, wat bestaan uit persone wat inderdaad lede is van die ras of klas wat as die Kaapse Maleiers bekend staan of wat, behalwe in die geval van persone wat inderdaad lede van n ras of klas of stam bedoel in paragraaf (1), (3), (4), (5) of (6) is, gewoonlik daarvoor deurgaan.
>
> (5) Die Indiërgroep, wat bestaan uit persone wat inderdaad lede is van n ras of stam wie se nasionale tuiste in Indië of Pakistan is of wat, behalwe in die geval van persone wat inderdaad lede van n ras of klas of stam bedoel in paragraaf (1), (2), (3), (4) of (6) is, gewoonlik daarvoor deurgaan."

(Die groepe gekleurdes waarna verwys word in paragrawe (1), (3), (4) en (6) is onderskeidelik die Kaapse Kleurling-groep,

die/.....

die Griekwagroep, die Sjinese Groep en die Groep Ander Asiate).

Dit word wedersyds aanvaar dat die appellant gewoonlik deurgaan as lid van die ras of klas wat as Kaapse Maleiers bekend staan. Alhoewel hierdie erkende feit kan dien as kwalifikasie vir indeling onder die Maleiergroep is dit nie noodwendig n deurslaggewende oorweging nie. Die maatstaf van „deurgaan as Kaapse Maleier" word nie aangewend en tree nie in werking in die geval waar die betrokke persoon inderdaad lid is van n ras of stam vermeld in paragraaf (1), (3), (4), (5) of (6) van die Proklamasie nie. (Sekretaris van Binnelandse Sake v. Jawoedien, 1969 (3) S.A. 413 op bl. 419 - 420 (A.A.); Hoosain v. Sekretaris van Binnelandse Sake, 1970 (1) S.A. 259 op bl. 263 (A.A.).

Ten einde te besluit of die appellant as persoon wat gewoonlik deurgaan as lid van die Maleiergroep nietemin uitgesluit word uit gemelde groep ontstaan die enigste geskilpunt in die onderhawige appèl vir onmiddellike oorweging. Hierdie geskilpunt gaan oor die vraag of die appellant inderdaad lid is van n ras of stam wie se nasionale tuiste in Indië

is/.....

is. Beide partye het op grond onder andere van die uitsprake in <u>Rex v. Radebe and Others</u>, 1945 A.D. 590 op bl. 608 en <u>Jawoodien se saak</u> op bl. 420 aanvaar dat met betrekking tot die suiwer genetiese Indiërgroep hierdie vraag as volg herlei kan word: - „Is die appellant selfs vanaf die verste voorgeslag 'n volbloed Indiër van herkoms?" Alhoewel dit te betwyfel is of <u>Radebe se saak</u> en die sake wat daarop volg noodwendig so streng 'n maatstaf stel, word nietemin ten gunste van die appellant vir die doeleindes van hierdie uitspraak aanvaar dat die maatstaf aldus geformuleer, toegepas behoort te word.

Die getuienis met betrekking tot hierdie vraag val binne noue perke: -

Aan vaderskant is die appellant se herkoms suiwer Indiër sonder enige toevoeging van bloed van 'n ander ras. Die appellant se moeder is in Indië gebore, het in 1939 na Suid-Afrika verhuis waar sy te alle tye die leefwyse van 'n Indiër gevolg het. 'n Sensusopgawe gedateer 8 Mei 1951 en deur appellant se vader ingevul dui haar ras en burgerskap aan as Indiër. Haar oupa aan vaderskant (Sheik Ebrahim) is in Java

gebore/.....

gebore en het in Indië met n Indiërvrou, afkomstig uit Radnaghiri in die huwelik getree. Die vader van appellant se moeder (Sheik Ali) is in Indië gebore waar hy as lid van die Indiërgemeenskap gewoon en groot geword het. Appellant se oorgrootvader - gemelde Sheik Ebrahim - se titel „Sheik" is Arabies van oorsprong, word in Java aangetref dog nie in Indië nie, beteken gewoonlik „heer" en verwys somtyds na n godsdienstige leier.

Benewens getuienis van hoorsê aard is die enigste ander getuienis dat die appellant se gemelde oorgrootvader uit Java stam, gelewer deur Aisa Mohamed Parker, die moeder van die appellant. Die Raad meld in sy bevinding met betrekking tot hierdie getuienis dat min ag daarop geslaan behoort te word weens Aisa Mohamed Parker se swak begrip van Afrikaans. Hierdie bevinding ontvang nie steun uit die geskrewe verslag van die Raad se verrigtinge nie. Die tersaaklike uittreksel is kort en eenvoudig en lees:

> „My pa se pa was Sheik Ebrahim.
> Hy was in Java gebore. Ek het hom geken.
> Ek het met hom gepraat, het hom geken."

Die/.....

Die saaklikheid van die verslag mag te wyte wees aan die feit dat dit nie verbatim afgeneem is nie. Bowendien is die getuienis gegrond op waarnemings van veertig jaar gelede toe Aisa Mohamed Parker slegs agt jaar oud was. Billikheidshalwe word vir die doeleindes van die appèl aanvaar dat die Raad die getuienis nie moes betwyfel het nie.

Dit blyk uit bostaande dat die enigste omstandighede wat tot ŉ aanduiding neig dat daar ŉ toevoeging van nie-Indiese bloed in appellant se voorgeskiedenis kon wees, ontstaan uit die feit dat sy oorgrootvader in Java gebore is en dat hy die houer van ŉ Javaanse eretitel was. Die getuienis swyg of hy van Javaanse, Indiese of ander herkoms was. Hierdie twee omstandighede dui nie veel meer as ŉ vae moontlikheid aan dat die oorgrootvader van Javaanse herkoms kon gewees het nie. Op sterkte slegs van so ŉ blote moontlikheid kan daar nie bevind word dat appellant nie ŉ volbloed Indiër is nie. Ten einde so ŉ bevinding te regverdig in die lig van die maatstaf wat hier toegepas word en ŉ klassifisering deur die Raad te versteur, behoort die getuienis beslis meer as ŉ blote moont-

likheid/.....

likheid van die toevoeging van n persentasie vreemde bloed in die betrokke persoon se herkoms aan te dui. In die huidige geval dui die suiwer Indiërbloed aan appellant se vaderskant en die hegte verbintenis aan die Indiërleefwyse aan moederskant veel eerder n waarskynlikheid aan dat Sheik Ebrahim n Indiër was wat in Java gebore is dan n Javaan of lid van n ander ras wat in Java gebore is.

Volgens my oordeel behoort die appèl van die hand gewys te word met koste.

C.P.C. [signature]

KOTZE, Wnd. A.R.

VAN BLERK, A.R.
JANSEN, A.R.
DIEMONT, Wnd. A.R.
MILLER, Wnd. A.R.

} Stem saam.